higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N6

(Tweede vraestel)

(9090176)

22 September 2020 (X-vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

087Q2B2022

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MEDIESE PRAKTYK N6
(Tweede vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste aantal vrae beantwoord sal slegs die vereiste aantal nagesien word. Alle werk wat jy nie wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in AFDELING A.

2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.

3. Lees al die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Gee EEN woord of 'n term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord of term uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

teruggetrokke volwassenes; versorging ('nurture'); groepterapie; isolasie; fisiese agteruitgang; regressie; selfmoord; aard ('nature'); biologiese teorieë

1.1.1 'n Geleentheid om te leer hoe om ander soortgelyke aangeleenthede te hanteer

1.1.2 Om jou eie lewe doelbewus te neem

1.1.3 Om terug te gryp na 'n vroeëre ontwikkelingstadium

1.1.4 Gewoonlik niekummunikatief

1.1.5 Kom met die ouderdom

1.1.6 Beklemtoon genetiese invloede op perspoonlikheid

1.1.7 'n Onnatuurlike menslike toestand

1.1.8 Om dit te verstaan kan meer doeltreffende interaksie aanhelp

1.1.9 'n Produk van oorgeërfde invloede

1.1.10 'n Produk van aangeleerde invloede

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Bioterugvoering kan stresbestuur aanhelp.

1.2.2 Sielkundiges skryf dikwels medikasie voor.

1.2.3 Die gebruik van alkohol verminder selfmoordrisiko.

1.2.4 Mense ervaar siekte almal op dieselfde manier.

1.2.5 Siek pasiënte begin hul liggame soms as vreemde liggame te ervaar.

1.2.6 Verpleërs kan help om 'n hospitaalbesoek minder onpersoonlik te maak.

Kopiereg voorbehou

1.2.7 Die redes vir 'n pasiënt se moeilike gedrag is irrelevant.

1.2.8 Adolessente steek soms gevoelens van onsekerheid weg.

1.2.9 Ouers moet poog om kinders nie te veel in die hospitaal te besoek nie om te voorkom dat hulle té afhanklik raak.

1.2.10 Angs kan tot vertraagde herstel by gehospitaliseerde volwassenes lei.

(10 × 2) (20)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord slegs DRIE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Gee SEWE faktore wat individuele ervaring van pyn beïnvloed. (7 × 1) (7)

2.2 Wat kan 'n bejaarde pasiënt tydens verblyf in die hospitaal doen om beweeglikheid en verstandelike welsyn in stand te hou? (8 × 1) (8)

2.3 Waarom ontken pasiënte soms diagnoses? (5 × 1) (5)
[20]

VRAAG 3

3.1 Noem SEWE maniere waarop 'n mens kan selfmoord pleeg. (7 × 1) (7)

3.2 Wat kan iemand doen om 'n volwasse (‘mature’) persoonlikheid te ontwikkel? (8)

3.3 Verduidelik hoe beroepskeuse verskillende aspekte van 'n individu se lewe kan beïnvloed. (5 × 1) (5)
[20]

VRAAG 4

4.1 Noem SEWE onderskeidende eienskappe van 'n volwasse persoonlikheid.
(7 × 1) (7)

4.2 Beskryf die prosedure wat gevolg moet word om 'n pasiënt in 'n instelling vir geestesgesondheid te laat opneem. (8 × 1) (8)

4.3 Hoe beïnvloed chroniese pyn alledaagse lewe? (5 × 1) (5)
[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Noem SEWE tipes organisasies wat die voorsiening van psigiatirese dienste in Suid-Afrika bestuur. (7 × 1) (7)

5.2 Wat kan gesondheidsorgverskaffers doen om 'n adolessente pasiënte se angs oor hospitaalverblyf te verminder? (4 × 2) (8)

5.3 Waarom pleeg mense selfmoord? (5 × 1) (5)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou